**Vrydag 7 Augustus**

**Skrifgedeelte: Lukas 10:38-42 (NAV)**
**Fokusgedeelte: Lukas 10:41-42**

## Maria – By die voete van Jesus ...

Martha en Maria was twee knap vroue. Martha was die doener. Die een wat altyd gereed was om te help, wat 'n voorbeeld van diensbaarheid was. Maria, aan die ander kant, was meer passief.

Tog is daar iets baie opvallend – elke keer wanneer ons van Maria van Betanië lees, is sy op een of ander manier by die voete van Jesus! By Jesus se voete het sy gehuil en getreur in die geloof dat Hy haar broer uit die dood kan red (Joh. 11:32). Sy het Jesus se voete met duur olie gesalf in die geloof dat Hy dit waardig is omdat Hy die koning is (Joh. 12:3). By die voete van Jesus het sy gesit en luister na sy woorde in die geloof dat Hy die beste leermeester is (Luk 10:39).

In ons gejaagde lewe is ons, soos Martha, geneig om baie te wil doen. Ons is teen 'n geweldige pas besig om deur die lewe te vlieg en die bekommernisse raak net meer en meer. Ook in ons geloofslewe wil ons soms by die pas van die lewe hou en al meer dinge aanpak. Soms is dit goeie dinge, soos meer Bybelstudies, baie diensgroepe, aksies en bedrywighede by die kerk. Sulke dinge is baie goed, maar in ons fokusvers sien ons die baie interessante woorde van Jesus – "Maria het die beste deel gekies ..."

Dit laat mens dink: Moet ons nie partykeer ons lewe tot stilstand bring en meer tyd by die voete van Jesus deurbring nie? Moet ons nie dalk minder bedrywig wees, minder bekommerd wees oor allerhande dinge nie?

Maria het die beste deel gekies, want sy het in die geloof vir Jesus as Persoon raakgesien. Sy het haar verhouding met Jesus, en haar afhanklikheid van Jesus, voorop gestel en dit sal nie van haar weggeneem word nie.

Kom ons doen moeite om die beste deel te kies – die teenwoordigheid van ons Here Jesus Christus, in die vertroue dat Hy vir die res sal sorg ...

*Sing: Psalm 31:1 (2001)*
*Teologiese Student Jacques Tredoux*